**Titel:** **Barmhartigheid**
**Spreker:** **Annatjie Wasserman**
**Datum:** **15 Maart 2015**
**Tyd:** **09:00**

shofar

**God se liefde**

- Die belangrikste gebod

**lukas 10: 27**

[27] En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself.

- God se ontferming

**Genade ontvang om goeie werke te doen**

**titus 2:11-14**

[11] WANT die reddende genade van God het aan alle mense verskyn [12] en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, [13]terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, [14] wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.

**efesiërs 2:8-10**

[8] Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; [9] nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. [10] Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

**God is ernstig oor goeie werke**

- Ananias en Saffira

**handelinge 4:34**

[34] Want niemand onder hulle was behoeftig nie; want almal wat besitters van gronde of huise was, het dit verkoop en die prys van wat verkoop is, gebring en aan die voete van die apostels neergelê.

**matteus 25:31-46**

[31]"Wanneer die Seun van die Mens in sy heerlikheid kom en al sy engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. [32]"Al die nasies sal voor Hom bymekaargebring word en Hy sal hulle van mekaar skei soos 'n skaapwagter die skape van die bokke skei. [33]Hy sal die skape aan sy regterkant laat staan en die bokke aan sy linkerkant. [34]Daarop sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom julle, want my Vader het julle geseën. Kom ontvang julle erfenis – die koninkryk wat my Vader reeds van voor die begin van die wêreld af vir julle gereed gemaak het. [35]Want toe Ek honger was, het julle vir My kos gegee; toe Ek dors was, het julle vir My iets gegee om te drink; toe Ek 'n hawelose vreemdeling was, het julle My in julle huise ontvang; [36]toe Ek niks gehad het om aan te trek nie, het julle vir My klere gegee; toe Ek siek was, het julle na My omgesien; toe Ek in die tronk was, het julle My opgesoek.'[37]"Daarop sal dié wat God se wil uitgevoer het Hom antwoord: 'Maar wanneer het ons U dan honger gesien, en vir U kos gegee? Of dors, en vir U iets gegee om te drink? [38]En wanneer het ons gesien dat U 'n hawelose vreemdeling was, en U in ons huise ontvang? Of dat U niks gehad het om aan te trek nie, en ons het vir U klere gegee? [39]En wanneer het ons U siek gesien of in die tronk, en U opgesoek?' [40]En die Koning sal vir hulle antwoord: 'Ek verseker julle: As julle iets hiervan vir een van my broers of susters gedoen het, selfs al was dit vir die heel eenvoudigste onder hulle, het julle dit vir Mý gedoen.'[41]"Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, want God het julle vervloek! Gaan na die ewige vuur wat gereed gemaak is vir die duiwel en sy bose engele! [42]Want toe Ek honger was, het julle nie vir My kos gegee nie; toe Ek dors was, het julle nie vir My iets gegee om te drink nie; [43]toe Ek 'n hawelose vreemdeling was, het julle My nie in julle huise ontvang nie; toe Ek niks gehad het om aan te trek nie, het julle nie vir My klere gegee nie; toe Ek siek en in die tronk was, het julle nie na My omgesien nie.' [44]"Daarop sal hulle vra: 'Here, wanneer

het ons U ooit honger of dors of haweloos of sonder klere of siek of in die tronk gesien, en nagelaat om U te versorg?' [45]Dan sal Hy hulle antwoord: 'Ek verseker julle, as julle versuim het om een van die eenvoudigstes van my broers of susters te help, het julle versuim om Mý te help.' [46]"Hulle sal dan in die ewige straf ingaan, maar dié wat God se wil uitgevoer het, in die ewige lewe."

**Opsomming**

**matteus 7:21**

[21] Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.